



NOVEEN TOT


St. Philip Neri

FILIP SE KINDERJARE EN JEUG IN FLORENCE

Filip is op 21 Julie 1515 gebore in die Noord-Italiaanse stad, Florence. Hy is die volgende dag in die Duomo (katedraal) se beroemde doopkapel gedoop. Sy moeder sterf toe hy vyf jaar oud was en hy word met baie liefde deur die bejaarde stiefmoeder van sy vader groot gemaak. Filip se vader was baie trots op hul vername afkoms maar het self 'n versukkelde bestaan as notaris gevoer en geld het hulle beslis nie in oorfloed gehad nie. As jong seun het Filip die bynaam Pippo Buono gehad, oftewel Goeie Flippie, wat alreeds 'n aanduiding was van die opregte goedheid wat hy sy lewe lank sou uitstraal. Hy word groot as 'n tipiese Florentyn van sy tyd, 'n kultuurmens met 'n fyn aanvoeling vir die kunste en die skoonheid van die lewe en in sy geval ook geestelik diep beïnvloed deur die Dominikane van die San Marco-klooster met wie hy in sy vormingsjare 'n noue band gehad het.

GEBED

Heilige Vader Filip, ons dank u vir die voorbeeld van u lewe, so getrou in die voetspore van ons Here en Heiland. Verkry vir ons die gawe van ware goedheid waarmee u so ryklik geseën was, sodat ons as diep opregte mense, vol goedheid, die goeie sal nastrewe en ons lewens sal vestig op die fondament van alles wat waarlik goed is. Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.



Toe sy familie se finansiële situasie in Florence versleg word hy gestuur na 'n bloedverwant in San Germano, aan die voet van Monte Cassino. Sy oom was blykbaar 'n suksesvolle koopman en sy familie het gehoop dat hy Filip mettertyd in die sake bedryf sou oplei en hom sy erfgenaam maak. Vir Filip was die tydjie wat hy daar deurgebring het egter van deurslaggewende belang. Van die sakewêreld het hy min geleer, maar by die Benediktyse monnike van Monte Cassino het hy geleer hoe om te bid en God in die stilte op te soek en daardeur kon hy begin om te onderskei wat God van hom wou hê. Dit is daar dat hy begin gehoor gee aan die roepstem van God. Hy slaan letterlik 'n ander rigting in deur na Rome toe te gaan.

GEBED

Heilige Vader Filip, ons dank u vir die voorbeeld van u lewe, so getrou in die voetspore van ons Here en Heiland.

Verkry vir ons die gawe van ware goedheid waarmee u so ryklik geseën was, sodat ons as diep opregte mense, vol goedheid, die goeie sal nastrewe en ons lewens sal vestig op die fondament van alles wat waarlik goed is.

Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.



NOVEEN TOT ST. FILIP NER

DERDE DAG

FILIP SE PINKSTER

In Rome het Filip op die oppervlak 'n armoedige bestaan as student en leermeester vir 'n gesin se jong seuns gelei. Sy verborge lewe was egter dié van intense gebed, in die kerke en veral in die katakombes waar hy met Pinkster in die jaar 1544 'n oorweldigende en diep ervaring van die Heilige Gees gehad het. Dié gebeurtenis het hom vir die res van sy aardse lewe gemerk as mistikus, iemand wat in diepe vervoering kon raak en ekstase beleef het by gebed en veral later by die viering van die Heilige Mis. Van nou af was hy onvoorwaardelik 'n instrument van die Heilige Gees.

GEBED

Heilige Vader Filip, ons dank u vir die voorbeeld van u lewe,
so getrou in die voetspore van ons Here en Heiland.

Verkry vir ons die gawe van die Heilige Gees,

sodat ons gebed en ons lewens gelei en begeester sal word deur die Gees van God.

Help ons om deur die eenvoud van ons lewe en die getrouheid en opregtheid
van ons gebed oop en ontvanklik te word vir die werking van die Heilige Gees.

Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen

FILIP EN DIE ONTSTAAN VAN DIE ORATORIUM

In die jaar 1551 is Filip op aandrang van sy bievader tot priester gewy. Tot dusver het hy feitlik 'n kluisenaarsbestaan te midde van die groot stad gevoer, nou begin sy openbare bediening. Hy begin doen wat hy later by sy volgelingen sou inprent: "Om Christus ter wille van Christus te verlaat" - gebed wat oorgaan tot naastediens. By die kerk van San Girolamo het hy daaglik die Heilige Mis gevier en by die 'Aartsbroederskap van die Heilige Drie-eenheid', waarvan hy lid was, het hy saam met 'n groepie toegewyde manne die siekehuis besoek en die armes en behoeftiges bygestaan. Sonder enige beplanning het daar rondom Filip 'n gemeenskap begin ontstaan van manne wat sy leiding en voorbeeld gevolg het. Hieruit sou die latere Oratorium groei.

GEBED

Heilige Vader Filip, ons dank u vir die voorbeeld van u lewe,
so getrou in die voetspore van ons Here en Heiland.

Verkry vir ons die gawe van naastediens wat voortkom uit ware gebed.

Help ons in ons verhouding met die Here Jesus,
sodat dit vrug sal dra in ons verhouding met ons naastes.

Wys ons hoe ons deur onbaatsugtige liefde
en self-opoffering ander tot diens kan wees.



NOVEEN TOT ST. FILIP NERI

VYFDE DAG

FILIP SE WERK EN APOSTOLAAT IN ROME

As priester het Filip nie net getrou sy priesterlike pligte nagekom nie (iets ongewoon in 'n tyd toe die Kerk hervorming dringend nodig gehad het), maar hom veral toegespits op die sakrament van die biege. Later sou baie mense sy besondere apostolaat dié van die biegestoel noem. Hy het etlike ure elke dag in die biegestoel deurgebring en dit was deur sy rol as biegevader en geestelike begeleier dat hy tallose mense se lewens aangeraak het. Bo alles was dit deur sy rol in die versoening tussen God en mens dat hy geestelike verdieping en groei aangewakker het.

GEBED

Heilige Vader Filip, ons dank u vir die voorbeeld van u lewe,
so getrou in die voetspore van ons Here en Heiland.

Verkry vir ons die gawe van ware berou en
'n voorliefde vir die Sakrament van Versoening.

Laat ons die vrymoedigheid ontwikkel om ons sondes
en swakhede onder die lig van die Evangelie van die Liefde te plaas.

Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.



NOVEEN TOT ST. FILIP NERI

SESDE DAG

FILIP SE BEPROEWINGE

Die Kerk het stormagtige tye in die 16de eeu beleef met die Protestantse Hervorming in die noorde van Europa en die moeilike geboortepyne van die Katolieke Hervorming wat aanslae van buite en politieke ondermyning van binne moes verduur. Filip se manier van nuwe dinge doen (soos die bedevaart na die Sewe Basilieke van Rome) en sy openheid vir leke betrokkenheid by die samekomste en gebedsessies wat hy gereël het bring hom onder verdenking by sommige hoë figure van die pouslike hof. Op 'n stadium moes hy selfs 'n ondersoek van die destydse Inkwisisie ondergaan en is hy vir 'n tydjie verbied om die biege aan te hoor en is die proto-Oratoriaanse byeenkomste ontbind. Dit alles het hy in nederigheid en gehoorsaam verduur en nooit lelik of kwaad van sy vervolgers gepraat nie .

GEBED

Heilige Vader Filip, ons dank u vir die voorbeeld van u lewe,
so getrou in die voetspore van ons Here en Heiland.

Verkry vir ons dieselfde gawe van nederige gehoorsaamheid
en geloof en volharding wat u in beproewing en vervolging gehad het.

Laat ons nooit haat met haat of kwaad met kwaad vergeld nie.

Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.

FILIP EN DIE STIGTING VAN DIE ORATORIUM

In 1564 het Filip die amp as rektor aangeneem van San Giovanni, die Florentynse kerk in Rome. Hier het hy en 'n groep van sy volgelinge gewoon en dit is hier waar die Oratorium as gemeenskap vorm begin aanneem het. In 1575 het pous Gregorius XII 'n pouslike bul uitgevaardig waarby die Oratorium kerkwetlik opgerig is. In dieselfde jaar is die vervalte kerk van Santa Maria in Vallicella aan die Oratorium oorgedra en het hulle begin om daar 'n nuwe kerk oftewel *Chiesa Nuova* (in Italiaans) op te rig, dié naam sou bly .

GEBED

Heilige Vader Filip, ons dank u vir die voorbeeld van u lewe,
so getrou in die voetspore van ons Here en Heiland.

Verkry vir ons die gawe om hard te werk vir die opbou van die Kerk,
laat ons bydrae tot die Kerk deel wees van
die sigbare en tasbare opbou van God se Koninkryk.

Gee ons die vermoë om saam met ander te werk
en die bereidwilligheid om ons tyd, talente en energie te deel.

Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.



Filip kan tereg beskou word as een van die groot hervormers in die geskiedenis van die Kerk. Hy kon die tekens van die tye akkuraat lees en het begryp dat die hervorming van die Kerk veral by die kern, in Rome, moes begin. In dié tyd toe die Konsilie van Trente gepoog het om die geestelike en morele lewe van die geestelikes te suiwer en korrupte praktyke wat met verloop van die eeue ingesluip het hok te slaan, het Filip op die strate en markpleine en in die paleise van Rome toegang verkry tot mense se harte deur sy vriendskap met hulle. Sy lewe was hul ontmoeting met die Evangelie en sy bediening 'n opening vir die werking van die Heilige Gees in hul lewens .

GEBED

Heilige Vader Filip, ons dank u vir die voorbeeld van u lewe,
so getrou in die voetspore van ons Here en Heiland.

Verkry vir ons die gawe om die tekens van ons eie tye en lewens te lees.

Help ons raaksien wat moet verander,

gee ons die krag tot die hervorming van onself
en die vernuwung ons samelewing.

Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.



Filip het in 'n tyd geleef toe dit wat ons vandag as vanselfsprekend aanvaar, naamlik die fokus op die individu, vir die eerste keer in die mensegeskiedenis vorm begin aanneem het. Hy het begryp dat individualisme 'n ander soort evangelisasie gaan verg. Hy was 'n pionier en voorloper op die gebied van die moderne sielkunde en 'n ware deskundige as dit kom by die diep privaat en individuele geesteslewe van mense. Hy het ingesien dat elke kosbare siel persoonlik en apart benader moes word en dat ware vriendskap 'n bepalende faktor in die uitleef en verspreiding van die Evangelie is.

GEBED

Heilige Vader Filip, ons dank u vir die voorbeeld van u lewe,
so getrou in die voetspore van ons Here en Heiland.

Verkry vir ons die gawe van ware medelye en insig in mekaar se lewens en probleme.

Help ons mense nie te gou te oordeel nie,
maar om bereid te wees om saam met hulle die pad
van opregte gelowige vriendskap aan te durf.

Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.